

---

## DIE GESKIEDKUNDIGE EN DIE GESKIEDENIS.<sup>1</sup>

Die probleem wat hier aangekondig word, is vir u as mense met 'n belangstelling vir die geskiedenis seer sekerlik nie onbekend nie. Dit is egter m.i. goed dat die historikus so nou en dan kennis maak met die filosoof se formulering van probleme in die geskiedskrywing, net soos dit noodsaaklik is vir die filosoof om sy verkeer met die vakwetenskappe, o.a. die geskiedenis, nie te verloor nie.

---

<sup>1</sup>) Lesing gehou voor die Kerkhistoriese Genootskap, 17 Oktober 1962.

Die probleem — beter: groep probleme — wat ek hier te berde bring, kan ons in die vorm van vrae as volg formuleer:

Is die geskiedenis 'n gegewene wat deur die geskiedkundige objektief geken kan word? Anders gestel: Is historiese kennis objektiewe kennis in die sin dat dit 'n objektief gegewene ken soos dit is sonder dat subjektiewe elemente (d.w.s. elemente wat hulle oorsprong en grond in die kenner — die geskiedkundige — en nie in die gekende — die geskiedenis — het nie) 'n rol of 'n wesenlike rol in die kenning speel?

Dit is duidelik dat ons antwoord sal afhang van twee verdere vrae:

(i) Wat is geskiedenis? (ii) Hoe ken ons die geskiedenis?

In dieselfde rigting gaan Henri-Irénée Marrou<sup>2</sup> wanneer hy twee tipes van geskiedenis-benadering onderskei:

(i) Daar is die standpunt dat ons historiese kennis objektief is en dat ons dit deur navorsing en streng wetenskaplike denke bereik. Voorbeelde hiervan is aan die een kant die positivistiese geskiedskrywing wat as ideaal het die feitlike verslag van gebeurtenisse van die verlede. Aan die ander kant is dit die geskiedenisfilosofie van Hegel (waarop Marrou hom toespits as die ideale tipe van hierdie geskiedskrywing). Geskiedenis is vir Hegel die proses waarlangs die Absolute Gees, wat uit sy *An-sich-sein* in sy *Ausser-sich-sein* uitgetree het, *An-und-fur-sich* word. Dit is m.a.w. die proses waarlangs die Absolute Gees uit sy selfvervreemding tot homself terugkeer. Hierdie terugkeer is wesenlik 'n selfbewuswording en selfbewussyn beteken vryheid, sodat die geskiedenis die konstante dialektiese beweging in die rigting van vryheid is. Hierdie geskiedenisfilosofie beskou Hegel nie as sy filosofie van die geskiedenis, sy siening of interpretasie nie. Die punt in die proses waar die Absolute Gees tot sigself terugkeer, is die filosofie van Hegel. Daarom is hierdie uiteensetting van Hegel nie maar 'n beskouing of benadering of interpretasie nie, maar dit is hoe die geskiedenis is. So verloop die geskiedenis en al wat Hegel doen, is om hierdie verloop uiteen te sit. Nog beter: In Hegel dink die Gees sigself en word die Gees slegs bewus van wat hyself voltrek het.<sup>3</sup>

'n Moderne voorbeeld wat ons kan byvoeg, is die gedagtes van Arnold J. Toynbee. Toynbee weier ten enemale om te aanvaar dat die wetmatigheid wat hy in die geskiedenis sien, 'n subjektiewe interpretasie is. Hierdie wetmatigheid, wat hy in die laaste instansie op God fundeer, is daar vir iedereen om te sien, as hy nie moedswillig blind is nie.<sup>4</sup>)

<sup>2</sup>) HENRI-IRENEE MARROU, *De la connaissance historique*, 1954, behandel deur WALTHER BRUNING, *Geschichtsphilosophie der Gegenwart*, Ernst Klett, Stuttgart, s.j. (Copyright 1961), p. 115 sqq.

<sup>3</sup>) Cf. die betrokke gedeeltes in KARL LOWITH, *Von Hegel zu Nietzsche. Der revolutionäre Bruch im Denken des 19. Jahrhunderts*, 2. Aufl., Europa-Verlag, Zürich/Wien, s.j. (Copyright 1941); KARL LOWITH, *Meaning in History. The Theological Implications of the Philosophy of History*, University of Chicago Press, s.j. (Copyright 1949), p. 52 sqq.; PETRUS SECUNDUS DREYER, *Die Antropologie van Ludwig Feuerbach*, D. Phil.Diss., Pretoria, 1951, p. 15 sqq.; GEORG FRIEDRICH WILHELM HEGEL, *Philosophie der Geschichte, Sämtliche Werke (Jubiläumausgabe in 20 Bänden)* Bd. XI, Stuttgart, 1928.

<sup>4</sup>) Cf. PETRUS SECUNDUS DREYER, *Geskiedenis en Openbaring. 'n Kritiese Studie van die Beskouing van Arnold J. Toynbee*, D.D.Diss., Pretoria 1958, waar die spesifieke verwysings na die werke van Toynbee gevind kan word. Baie kort samevatting in Dr. P. S. DREYER, „Enkele Aspekte van die Geskiedskrywing van Arnold J. Toynbee, *Historia*, Jrg. III, Nr. 1.

(ii) Die tweede tipe geskiedenisbenadering wat Marrou onderskei, is die kritiese, waarvan hy die prototipe in Im. Kant vind. Veral deur die opkoms van die historisme het ons talle voorstanders van hierdie standpunt in die 19de en 20ste eeu — soveel dat baie mense dit as vanselfsprekend beskou het en nog beskou<sup>5)</sup>. Die kerngedagte hier kan ons as volg formuleer:

Ons het die geskiedenis alleen in die vorm van 'n kennisinhoud wat deur ons verwerk en gestruktureer is en daarom is die twee aspekte van menslike kennis en objektiewe gebeure nie te skei nie. Die geskiedenis is van die historikus onafskeibaar<sup>5)</sup>. Geskiedenis is wat die geskiedkundige uit die verlede kan haal, maar dan moet dit deur die kenvorme en kenkategorieë van die historikus deur en word só omgevorm en verwerk, sodat dit uiteindelik iets totaal anders as die verslag van 'n objektiewe gebeure is. „So ist Geschichte das Ergebnis einer Aktivität, einer Bemühung im schöpferischen Sinn, einer Konstitutionsleistung.“<sup>7)</sup>

Wat Marrou hier formuleer as twee teenoormekaarstaande benaderings, moet ons miskien anders sien. Marrou is heeltemaal korrek om die twee tipes te onderskei, maar hulle is nie noodwendig teenoormekaarstaande nie. Ons het veeleer hier met twee probleemgebiede te donee wat ten nouste met mekaar saamhang. Die eerste tipe hou hom besig met wat ons die metafisika van die geskiedenis kan noem: Hier gaan dit om die vraag na die diepere samehang en sinvolheid van die werklikheid wat hom in die geskiedenis openbaar. Die tweede tipe kan ons die kenteorie van die geskiedenis noem: Hier gaan dit om die vraag na die aard, die fundering en die grense van ons historiese kennis. Deur die geskiedenis van die wysbegeerte heen kan ons sien dat metafisika en kenteorie ten nouste met mekaar saamhang. Maar een les het Kant ons geleer: Voordat 'n metafisika gebou kan word, moet jy eers deur die smeltkroes van die kenniskritiek deur. Die houding dat ons kenvermoëns tot metafisiese wesenskennis in staat is, noem Kant 'n onkritiese dogmatisme; ons kan eers seker wees van ons kennis wanneer ons ons kennis krities gefundeer het. Daarom lyk dit vir my dat ons die twee tipes geskiedenisbenadering — soos Marrou dit onderskei — nie van mekaar moet skei nie. Wat egter noodsaaklik is, is dat ons ons historiese kennis behoorlik krities moet funder voordat ons oorgaan tot breë strukturering en singewing van die geskiedenis.

Dit laat ons weer eens te staan kom voor die vrae: (i) Wat is geskiedenis? (ii) Hoe ken ons die geskiedenis? Eers hieruit kan die derde vraag benader word: (iii) Wat is die sin van die geskiedenis? Dit is voor die

<sup>5)</sup> Cf. oor die historisme i.a. Dr. P. S. DREYER, „Historisme en Christendom,” *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg. 14, Nr. 1; KARL HEUSSI, *Die Krisis des Historismus*, J. C. B. Mohr (Paul Siebeck), Tübingen, 1932; FRIEDRICH MEINECKE, *Die Entstehung des Historismus*, 2 Bde., R. Oldenbourg, München und Berlin, 1936; WALTER BODENSTEIN, *Neige des Historismus. Ernst Troeltsches Entwicklungsgang*, Gerd Mohn, Gütersloh, s.j. (Copyright 1959).

<sup>6)</sup> Walther Brüning, o.c., p. 117.

<sup>7)</sup> Idem. Cf. ook die bekende woord wat Brüning aanhaal uit THEODOR LESSING, *Geschichte als Sinngebung des Sinnlosen*, 3. Aufl., 1921, p. 6: „Keineswegs aber wird durch Geschichte ein verborgener Sinn, ein Kausalzusammenhang, eine Entwicklung in der Zeit per se offenbar; sonder Geschichte ist Geschichtschreibung, das heiszt die Stiftung dieses Sinnes, die Setzung dieses Kausalzusammenhangs; die Erfindung dieser Entwicklung. Sie vorfindet nicht den Sinn der Welt; sie gibt ihn.“

hand liggend dat ons die drie probleme ook in hierdie volgorde moet benader, want ons kan die tweede nie aandurf as ons nie minstens 'n voorlopige antwoord op die eerste gegee het nie, terwyl die derde uit die eerste twee vloei.

#### A. Wat is geskiedenis?

Oorbekend is die taalkundige analises van die woorde „geskiedenis” en „historie” om daarmee 'n antwoord op ons vraag te probeer verkry. Hierdie analises gee ons bepaalde aanduidinge. Bv. die woord „historie” kom van die Griekse „*historêo*” wat deur die klein Liddel & Scott as volg aangedui word: „to learn by inquiry: to inquire of, question . . . to inquire about something. II. to narrate what one has learnt, narrate historically. Hence *historia*, a learning by inquiry; knowledge or information obtained by inquiry. II. a narration of what one has learnt, historical narrative.” Dit gee ons 'n aanduiding van wat geskiedenis is en uit hierdie betekenis aanduiding is dit moontlik om 'n hele opstel te skrywe oor wat geskiedenis is. Al hierdie pogings wat aan my bekend is, is egter meer inlegkunde as uitlegkunde. Hoewel die taalkundige analise ons 'n aanduiding gee, bring dit ons nooit tot werklike beslissing nie. In die omgang- en in wetenskaplike werke kry ons drie betekenis vir die woord „geskiedenis” of „historie” (vir my sinonieme): Eerstens die historiese werklikheid self; tweedens berigte aangaande die historiese werklikheid; en derdens die wetenskap wat 'n studie maak van die historiese werklikheid. Tussen hierdie drie moontlikhede kan die taalkundige analises geen uitsluitel gee nie.

Dit lyk vir my asof ons 'n veel vrugbaarder benadering het wanneer ons 'n fenomenologiese analise van die voorwerp van geskiedskrywing maak. Ons gaan met ander woorde uit van die feit dat daar soiets bestaan as geskiedskrywing, 'n bepaalde soort wetenskap waarvan die spesifieke aard bepaal word deur die spesifieke objek wat deur hierdie wetenskap bestudeer word; en dan vra ons ons af: Wat is die voorwerp van hierdie wetenskap?

Ons het hier nie die tyd om 'n werklike fenomenologiese analise te onderneem nie. Ek wil slegs die volgende punte aanbied, wat eerder die resultaat van 'n fenomenologiese analise as die analise self is:

(i) Elke historiese studie begin en moet begin by konkrete, empiriese voorwerpe wat hier en nou voor hande is. Daar is geen beperking op die aard van hierdie voorwerpe nie — dit kan boeke, briewe, potskerwe, monumente, gebruiksvorwerpe, plante of enigiets anders wees. Wat bepaal of die voorwerp die beginpunt van historiese studie is, is nie die aard van die voorwerp as sodanig nie, maar die feit dat die voorwerp getuienis van die verlede is. Hierdie getuieniskarakter van die voorwerpe lê daarin dat die voorwerpe heenwys na gebeurtenisse en toestande in die verlede.

Soms word herinnering gesien as die beginpunt van historiese studie. M.i. is dit verkeerd. Herinnering — of selfs die wyer begrip „historiese bewussyn” — is self nie die voorwerp van historiese studie nie, hoewel die historikus dit tot voorwerp kan kies, soos hy enige menslike ver-

skynsel tot voorwerp kan maak. Hoogstens is herinnering of historiese bewussyn die subjektiewe prikkel tot historiese studie. Verder val dit onder die kategorie van voorwerpe wat ons reeds genoem het, omdat die historikus dan te doen het met mense wat sekere getuienis aangaande die verlede kan lewer.

(ii) Die getuieniskarakter van die voorwerp is nie sonder meer selfevident nie. Dit word eers ontsluit wanneer dit aangeraak is deur die towerstaf van die kundigheid van die geskiedkundige. Daarom kan voorwerpe van groot historiese belang jarelank aan mense bekend wees sonder dat hulle die historiese belang daarvan besef; eers wanneer iemand met historiese kundigheid die getuieniskarakter van die voorwerp aantoon, word die voorwerp sprekend.

(iii) Enige voorwerp kan getuieniskarakter van een of ander aard hê. 'n Klip kan bv. vir die geoloog getuienis wees van die ouderdom van 'n bepaalde deel van die aardkors. In hierdie soort getuienis is die historikus nie geïnteresseerd nie. Die historikus is nie in die voorwerpe as sodanig geïnteresseerd nie, maar in hulle getuienis. Nadere besinning toon ons egter dat die enigste getuienis waarin die historikus geïnteresseerd is, getuienis aangaande *menslike* handeling, belewenisse, lotgevallen en toestande is. Dit gaan die historikus om die mens en wat met die mens saamhang. Kwantitatief kan dit varieer van een mens tot 'n onbeperkte aantal. Kwalitatief kan dit die uiterlike of innerlike, die ekonomiese, politieke, sosiale, kulturele of watter ander aspek van die menslike bestaan ook al wees. Maar steeds gaan dit om die mens. Die term „geskiedenis” word dus verkeerd gebruik wanneer dit toegepas word op die aardkors, die natuur e.d.m.

(iv) Die begrensing van die term *geskiedenis* tot die mens is egter geensins willekeurig nie, maar uitdrukking van die beskouing van die mens as wese *sui generis*, kwalitatief en wesenlik verskillend van alle ander wesens en dinge. In teenstelling tot alle ander wesens is die mens die wese wat bewus doelstellinge koester, nadink, beslis en handel. In sy beslissing en handeling gee die mens blyke dat hy goedkeur en afkeur, m.a.w. dat hy waardes erken en as geldig aanvaar, dat hy dus 'n rangorde van waardevoorkeur het en dat dit vir hom as norm geld.

Die historikus hou hom egter nie besig met die mens *in abstracto* nie; hy vra nie na die wese van die mens nie. Hier verskil ek van Collingwood.<sup>8)</sup> Dit is vrae vir die wysgerige antropologie en die etiek. Die historikus vra na die mens *in concreto*, na hierdie of daardie mens of mense en hulle lewe en wêreld,<sup>9)</sup> ingeperk in 'n bepaalde ruimte en tyd. By die historikus is 'n mensbeskouing eintlik 'n versweë veronderstelling en wanneer hy hierdie mensbeskouing te berde bring, is hy eintlik nie meer historikus nie maar filosoof. Die versweë mensbeskouing wat op die agtergrond lê, is dié van die mens as bewus willende, waarderende, nadenkende en toerekenbare wese. Die drangmatige, onderbewuste en

<sup>8)</sup> R. G. COLLINGWOOD, *The Idea of History*, Clarendon Press, Oxford, 1st ed. 1946, i.a. p. 10.

<sup>9)</sup> Met die term *lewe en wêreld* bedoel ek die totale ryke verskeidenheid van die lotgevallen, beskouings, waardes en handeling van die mens, asook die omstandighede wat die lewe van die mens bepaal en beïnvloed.

onbewuste, die fisiese en emosionele is alleen van belang in so verre dit medebepalende faktore is in wat ons reeds genoem het.

Nou kan die beswaar geopper word dat wat ek hier gestel het, 'n bepaalde mensvisie is waarmee alle historici nie noodwendig hoef saam te stem nie. Dat dit 'n bepaalde mensvisie is en nie die enigste is wat bestaan nie, stem ek volmondig saam. Tog wil ek beweer dat geskiedskrywing onmoontlik is, behalwe wanneer ons die mens op die een of ander wyse beskou as 'n wese wat weet wat hy doen, wat blyke van voorkeur gee en wat minstens tot op sekere hoogte verantwoordelik vir sy daade gehou kan word. Wanneer 'n mens 'n blote bewustelose pion is, is daar nie meer soiets as geskiedenis nie.

(v) Ek het tot sover gestel dat die voorwerp van historiese studie die mens is, maar dan (a) die konkrete mens, d.w.s. die mens in sy lewe en wêreld, omraam in 'n bepaalde ruimte en tyd; en (b) die mens as bewus denkend, willend-waarderende en toerekenbare wese. Nadere besinning toon ons egter dat dit nie hierdie mens in al sy moontlike aspekte is wat bestudeer word nie. Die historikus selekteer altyd *wat belangrik is*. Nou is hierdie kwessie van wat belangrik is, 'n saak wat so vol probleme sit soos 'n ystervark vol penne. Vir my lyk die saak egter so:

(a) Alle moontlike stof uit die verlede wat ontdek kan word, *kan* belangrik wees.

(b) Watter stof inderdaad belangrik is, word beslis deur die historikus en hang af van die doel waarmee die historikus werk. Bv. as iemand die geskiedenis van die grondwet van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek skrywe, is Pres. Burgers net belangrik in so ver hy 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die grondwet; as 'n mens egter die geskiedenis van Pres. Burgers skrywe, is die konstitusionele ontwikkeling slegs belangrik in so verre Pres. Burgers 'n aandeel daaraan gehad het of in so verre hierdie ontwikkeling sy lewensloop beïnvloed het.

(c) Van die relevante materiaal is belangrik die dinge wat tipies is en wat beslissend is. Die tipiese is belangrik wanneer ons 'n beeld van die mens in sy lewe en wêreld op 'n bepaalde plek en tyd wil gee. Wanneer ons met die tipiese werk, is ons beeld van die geskiedenis oorwegend staties; m.a.w. ons bevries as't ware die dinamiek van die lewe op 'n bepaalde plek en tyd om beter te kan uitdruk hoe dit is. Die beslissende is belangrik wanneer ons die geskiedenis dinamies beskou, m.a.w. as 'n gedurige stroom van verandering soos ons dit op 'n bepaalde plek en tyd verneem. Die beslissende is dan belangrik omdat die beslissende die verandering te weeg bring of bestendig en daarmee die stukrag van die verandering vorm.

Ter afsluiting van hierdie gedeelte wil ek opmerk:

*Eerstens*: Ons het nog nie bepaal wat ons onder die woord *geskiedenis* moet verstaan nie, maar ek dink dat ons soveel helderheid gekry het dat ons kan beweer dat dit 'n terminologiese kwessie is wat langs die weg van 'n definisie opgelos kan word. Wat belangrik is, is dat ons presieser helderheid gekry het oor die drie aspekte, nl. die mens in sy lewe en wêreld op 'n bepaalde plek en tyd, die getuienis aangaande hierdie mens en uiteindelik die navorsing en beskrywing van hierdie mens.

*Tweedens:* Dit het duidelik geword dat die voorwerp van historiese studie nie die beskrywing van die wese van die mens is nie (hoewel dit ook 'n gebied gemaak kan word, nl. in die historiografie wat die studie van die geskiedskrywing is); dit is ook nie die getuienis aangaande die mens nie, hoewel 'n mens bronnestudie kan en moet maak. Die werklike voorwerp van historiese studie is die mens in sy lewe en wêreld op 'n bepaalde plek en tyd. Die kernprobleem lê nou daarin dat hierdie voorwerp van studie *non-existent* is in die sin dat dit nooit gegewe is nie en prinsipiël nie gegewe kan wees nie. Ons het goeie rede om te vermoed dat Pres. Burgers bestaan het, 'n bepaalde lewe gelei het en sekere dinge gedoen het. Die lewende, denkende, willende, voelende mens, Pres. Burgers, bestaan egter nie meer nie; sy lewe en wêreld bestaan ook nie meer nie; en prinsipiël kan dit ook nie meer ontdek word nie, omdat die bestaan van hierdie dinge opgehef is en die tyd onomkeerbaar is. Die historikus sit daarom in hierdie eienaardige parket: Die voorwerp van studie waarmee die historikus hom besig hou, bestaan nie en moet deur die historikus gerekonstrueer word. Hierdie rekonstruksie is egter wesenlik en totaal anders as die eksperimentele rekonstruksie wat die natuurwetenskaplike doen. In die eksperiment laat ons reële prosesse by herhaling onder ideale en gekontroleerde omstandighede plaasvind om sodoende ons waarnemings moontlik te maak. Dit kan die historikus nie doen nie; hy kan Pres. Burgers nie oproep om weer eens sy lewe oor te lei sodat die historikus waarnemings kan doen nie. Die historikus se rekonstruksie maak dus geen verskil aan die reële existensie of nonexistensie van sy voorwerp van sy studie nie. Dit bly 'n ideële rekonstruksie en die enigste realiteit wat die voorwerp van historiese studie kan hê, is in die weergawe van die historikus.

Daarmee het ons by die tweede gedeelte van hierdie studie aangeland.

#### B. *Ons kennis van die geskiedenis:*

Uit die voorgaande blyk dat geskiedenis as ons kennis van die verlede uit twee elemente opgebou word:

(i) 'n Min of meer fragmentariese dokumentasie van die gebeurtenisse van die verlede deur voorwerpe van allerlei aard, maar wat aan mekaar gemeenskaplik het dat hulle getuienis van die verlede gee.

(ii) Die verwerking van hierdie dokumente deur die geskiedkundige. Hierdie verwerking is 'n rekonstruksie van die lewe en wêreld van bepaalde mense van 'n bepaalde plek en tyd in die verlede. Sonder hierdie rekonstruksie bestaan die geskiedenis slegs in die herinnering van mense, wat slegs 'n baie klein deeltjie van die verlede dek en om baie redes hoogs onbetroubaar is. As ons die lewe en wêreld van die verlede as die objektiewe beskou, dan kan ons die rekonstruksiewerk van die geskiedkundige as die subjektiewe element in ons historiese kennis beskou.

Die probleem waarmee ons ons hier moet besig hou, is dit: Hoe groot is hierdie subjektiewe element? Indien die bydrae van die geskiedkundige net daaruit bestaan om die dokumente van die verlede te versamel en te rangskik — wat Collingwood die „scissors en paste” metode noem — is die rol van die historikus betreklik gering. Die volgende oorwegings toon egter dat die rol van die historikus alles behalwe gering is:

(i) Die blote *belangstelling in die geskiedenis* is nie vanselfsprekend nie. 'n Bepaalde intellektuele peil en peil van kultuurontwikkeling is noodwendig voordat die belangstelling in geskiedenis ontwaak. By primitiewe gemeenskappe, bv. ons Bantoe, het 'n mens mites en legendes en oorleweringe uit die verlede. Dit is egter nog geen geskiedenis nie en ook nog nie 'n werklike belangstelling in die geskiedenis nie. Dit is die verhaal van die bekende, terwyl die historiese vraag juis na die onbekende gestel word. Selfs die hoogontwikkelde Oosterse kulture ken geskiedenis in ons sin glad nie. Die belangstelling in historiese navorsing het by die Grieke ontstaan en by die Grieke en Romeine kry ons meesters van die geskiedskrywing, bv. Herodotos, Thukydides, Sallustius, Tacitus en so meer. Tog is hulle belangstelling wesenlik onhistories: Hulle soek na die ewige, die onverganklike syn, terwyl die geskiedenis spesifiek die terrein van die verskietende en veranderlike is. Daarom staan hulle neerhalend teenoor die geskiedskrywing; dit is geen wetenskap nie en ernstige studie en toewyding nie werd nie. Daarom is Plato se denke ook volkome onhistories, Aristoteles wy geen aandag aan die geskiedenis nie en Thukydides soek die nut van die geskiedenisstudie daarin dat die ewige herhaling van dinge gesien word, waardeur 'n mens voorberei word op wat voorlê.

Werklike historiese sin ontwaak eers met die Christelike godsdiens. Eers hier tref ons die volle waardering aan vir die eenmalige, die ewigvoortgaande en veranderlike, wat nie leeg en sinloos is nie, maar juis gelaai is met die allerhoogste betekenis en die diepste sin: Christus is die absoluut eenmalige in die tyd, die *eph hapax* wat nooit weer herhaal word nie en juis Sy sin en betekenis in hierdie absolute onherhaalbaarheid het. Die saligheid van die mens is afhanklik van 'n historiese gebeurtenis, nl. die *eph hapax* koms van Jesus Christus. Hierdie koms van Christus sny die geskiedenis in twee, maak werklike datering moontlik en trek die ganse mensheid se geskiedenis in 'n sinvolle lyn. Eers die Christendom bring die grondslag waardeur werklike geskiedskrywing moontlik word en die prikkel om die geskiedenis so geweldig uit te bou soos in die Weste gebeur het.<sup>10)</sup> Hierdie feit bring mee dat — al is die historikus nie 'n Westerling nie — die prikkel tot belangstelling in historiese studie reeds al die aanraking met 'n bepaalde godsdiens en kultuur veronderstel.

(ii) Die *rigting van die belangstelling* van die historikus kan deur blote uiterlike faktore bepaal word, bv. deur die beskikbaarheid van die bronne-materiaal. Enige deel van die verlede van die ganse mensheid kan die belangstellingsveld van die geskiedkundige word; dit dank ons aan universele uitsig wat vir ons deur die Christelike godsdiens gebring is. Tog is dit 'n feit dat die geskiedkundige in oorweldigende mate geïnteresseer is in die geskiedenis van sy eie volk en sy eie kultuurkring en die faktore wat dit beïnvloed. Ons het hier beslis met 'n subjektiewe faktor te doen.

(iii) Uit die stof wat tot sy beskikking is, maak die geskiedkundige 'n *keuse*. Hy kies die gebied waarin hy gaan werk, bv. die kerkgeskiedenis

<sup>10)</sup> Cf. Dr. H. BERKHOF, *Christus de Zin der Geschiedenis*, G. F. Callenbach, Nijkerk, 1958; LEONHARD REINISCH (Hrsg.), *Der Sinn der Geschichte*, C. H. Beck, München, 2. Aufl., s.j. (Copyright 1961), p. 14 sqq.; Collingwood, o.c. en Karl Löwith, *Meaning in History*; E. LAMPERT, *The Apocalypse of History. Problems of Providence and Human Destiny*, Faber & Faber, London, 1948; EMIL BRUNNER, *Das Ewige als Zukunft und Gegenwart*, Zwingli Verlag, Zürich, s.j. (Copyright 1953).



en nie die staatkundige geskiedenis nie. Binne die gebied kies hy 'n bepaalde tema, bv. die geskiedenis van ds. van Warmelo en nie die geskiedenis van ds. van der Hoff nie. In sy skrywe van die geskiedenis van ds. van Warmelo maak hy 'n keuse uit die stof tot sy beskikking: gedeeltes van die stof bring hy na vore, ander stoot hy op die agtergrond, ander noem hy nie eers nie. Hy doen dit na gelang die stof belangrik is of nie. Wat bepaal hierdie keuses? Daar is sekere faktore wat niks met die persoon van die historikus te doen het nie, bv. dat die geskiedenis van ds. van der Hoff reeds dikwels beskrywe is en die van ds. van Warmelo nog nie, sodat daar 'n gaping in ons kennis van die verlede is. Wat belangrik is in die stof of nie belangrik is nie, word ook grootliks bepaal deur die tema waarmee hy besig is. Tog moet elke historikus sy stof hanteer, dit omkeer en omwoel, dit vorm en hervorm totdat hy die beeld wat hy wil rekonstrueer, presies na sy sin reg het. Hierin speel die persoonlike insig, beslissing en smaak van die historikus 'n groot rol.

(iv) Watter terrein van die verlede ons ook al betree, die stof toon altyd 'n mindere of meerdere mate van *gebreklikeheid*. Geen gebreklikeheid in die stof sou beteken dat die lewende werklikheid nog voor hande is. Hierdie gebreklikeheid bestaan nie net in die vorm van onvolledige gegewens nie, maar ook daarin dat al die gegewens nie betroubaar is nie. Om 'n samehangende en outentieke beeld van die verlede te rekonstrueer, moet die historikus die onbetroubare gegewens deur noukeurige kritiek uitsif en verwerp en moet hy die gapings in sy gegewens oorbrug. In 'n mate berus hierdie werk op eenvoudige logiese afleiding, maar vir die grootste gedeelte is dit bydrae van die kant van die geskiedkundige.

(v) Alles wat ons tot sover genoem het, is in 'n sekere mate tegniese kwessies. Die gees en karakter van die historiese werk word egter bepaal deur die *interpretasie* wat die historikus aan die stof gee. Ons ken die geskiedenis alleen in so verre die historikus dit vir ons opdiep en bekendstel. Maar dan sien ons die geskiedenis ook altyd deur die bril van die historikus. Wat ons tot sover opgenoem het, kan grootliks slegs oorbrug word op grond van die feit dat die historikus sy stof benader vanuit 'n bepaalde standpunt. Hierdie standpunt word verder bepaal deur die feit dat die belangstelling in die geskiedenis en die skrywe daarvan nie belangeloos is nie, maar dat ons daartoe geprikkel word deur die kultuur en godsdiens waarin ons staan (wat ons hierbo genoem het) en die feit dat ons existensieel by die geskiedenis betrokke is (hieroor hieronder). Die historikus behoort tot 'n bepaalde godsdiens en kerk, tot 'n bepaalde kultuurkring, volk en groep. Die historikus het sy eie geaardheid, verstandelike insig, lewenservaring, opvoeding, persoonlikheid. Hy het sy eie wêreldbeskouing en lewensopvatting. Hiermee hang saam dat elke historikus ook filosoof is. „Einmal ist es so, dasz jeder Historiker, jeder der für Mitmenschen und Nachwelt Geschichte schreibt, dies im Zeichen einer vielleicht nur ganz ungefährten, aber doch wirksamen Philosophie tut. Geschichtsphilosophie wäre dann ganz einfach der Geist des Historikers — der Geist und Wille, kraft dessen er die Tatsachen auswählt, denn es gibt ja immer unendlich viele Tatsachen — , der sie anordnet, bewertet und so etwas Lesbares und Sinnvolles zusammenbringt . . . Es gilt für alle, die Groszen und die Kleinen, die Altesten und die Neuesten. Nur für eine blozse Zusammenstellung von Daten und Fakten, für die

Geschiedtstabelle des Dokter Ploetz mag es nicht gelten. Die anderen haben alle ihre Philosophie gehabt, wenn auch oft wie der Mann bei Molière, der Prosa spricht, ohne es zu wissen."<sup>11)</sup> Die historikus moet ook vir homself antwoorde vind op die eg-filosofiese vrae: Wat kan ek weet? Waarvan kan ek seker wees? Volgens watter metode moet ek werk? Wat is waarheid? Wat is wetenskap? En uiteindelik antwoord elke historikus ook die vraag na die sin van die geskiedenis, wat ons in die volgende afdeling sal behandel.

Wat ek tot hier toe genoem het, is genoeg om te toon dat die bydrae van die kant van die geskiedkundige, die sg. subjektiewe element, nie net noodsaaklik en onvermydelik is nie, maar ook aansienlik is. Dit stel ons onmiddellik voor die vraag: Beteken dit nou dat elke geskiedskrywing, elke beeld van die verlede, noodwendig willekeurig en onwaar is? Veral deur die groot impakt van die natuurwetenskappe het dit by ons vanselfsprekend geword om objektiviteit as absolute eis vir waarheid en wetenskaplikheid te stel en sodra iets die stempel van subjektiviteit kry, wek dit ons ergwaan.

In hierdie verband kan ons opmerk:

(i) Hoewel die dokumente van die verlede baie gapings laat wat deur die geskiedkundige oorbrug moet word en hoewel baie van hierdie dokumente vir verskillende interpretasies vatbaar kan wees, vorm die dokumente tog vaste punte waaraan die historikus gebind is en waarmee hy ten volle rekening moet hou en waarmee hy nie willekeurig kan omspring nie. Hoe meer dokumente beskikbaar is, hoe skerper die gebied omlyn is en gewoonlik hoe meer beperk die gebied is, hoe minder kans is daar vir die willekeur van die historikus.

(ii) In die oorbrugging van gapings word die geskiedkundige verder aan bande gelê deur wat redelik moontlik en waarskynlik is. Wat egter redelik moontlik en waarskynlik is, word grootliks bepaal eerstens deur die aanduiding in die dokumentêre gegewens en tweedens deur die geskiedkundige se vermoë tot „verstehende Nacherlebnis” van situasies, gebeurtenisse en menslike doen en late. Maar derdens word dit ook bepaal deur die historikus se oortuigings aangaande aard en wese van die mens en die waardes en norme wat die mens se handeling bepaal en motiveer. Die subjektiewe element word hier dus geensins uitgeskakel nie, maar tog wel getem.

(iii) Sommige van ons heiligste oortuigings is vir ons heeltemal duidelik en ons is bewus daarvan dat ons hierdie oortuigings koester. Aan die ander kant is daar baie elemente van ons wêreldbeskouing en lewensopvatting wat bygebring word deur die normale proses van opgroei en opgevoed word, waarvan ons skaars of glad nie bewus is nie, omdat dit vir ons volkome vanselfsprekend is, net soos dit vir ons ouers en ander opvoeders vanselfsprekend was. Al hierdie dinge speel 'n belangrike rol in die werk van die historikus. Maar net so waar is dit ook dat die mens homself van sy innerlikste oortuigings kan distansieer. Met hierdie distansiëring bedoel ek nie dat 'n mens afstand doen van jou oortuigings, jou wêreldbeskouing en lewensopvatting nie, maar dat jy dit kan erken en

<sup>11)</sup> Leonhard Reinisch, o.c., p. 11 sq.

bewus daarmee rekening hou. Daarmee kan jy grootliks verhoed dat hierdie dinge jou parte speel en in posisies laat beland wat jy nie kan regverdig nie.

(iv) Die kritiek van mede-historici is dikwels 'n bron van ergernis en kan soms aanleiding gee tot baie skerp meningsverskille, soos ons veral aantref wanneer dit plaasvind tussen historici wat aan verskillende groepe behoort, bv. verskillende kerke of bevolkingsdele of volke. Die skerpheid van hierdie polemieke, wil ek terloops opmerk, dui daarop dat daar meer op die spel is as net die korrektheid van objektiewe gegewens; dit is 'n aanduiding van die existensiële betrokkenheid van die mens by die geskiedenis. Hieroor handel ons in die volgende gedeelte. Hier wil ek daarop wys dat die kritiek van historici op mekaar 'n waardevolle kontrole op elke historikus is wat die historikus dwing om die subjektiewe element aan bande te lê.

(v) In enige wetenskap, hoe groter die rol van die wetenskaplike is, hoe belangriker word die eis van persoonlike integriteit en selfdissipline wat aan die wetenskaplike gestel word. Eerlikheid en opregtheid in die strewe tot objektiviteit, regverdigte en gebalanseerde rekenskap van die eie standpunt en grondige denke oor die fundamentele begrippe maak 'n wesenlike verskil in die kwaliteit van die historikus.

(vi) Ten slotte wil ek opmerk dat die eis van objektiviteit as die absolute eis van waarheid en wetenskaplikheid nie sonder meer aanvaar kan word nie. Die natuurwetenskappe het ons so gewoon gemaak daaraan dat 'n mens soms waarheid en wetenskaplikheid as sinonieme van objektiviteit beskou. Hierdie eis behou sy volle krag wanneer subjektiviteit as 'n sinoniem van willekeurigheid beskou word. Die studie van die kenteorie van die geesteswetenskappe het egter geleidelik aan die lig gebring dat hierdie teenstellings vals is. In elke geesteswetenskap is die mens die belangrikste faktor waarmee ons werk. Die mens is nou net eenvoudig nie 'n gegewe, dinglike objektiviteit wat natuurwetmatig funksioneer en metries-kwantitatief met allerlei formules bereken kan word nie. Fundamenteel moet ons in ons studie altyd rekening hou met die onberekenbare, onrasionaliseerbare, nie-reduceerbare kwalitatiewe in die lewende, werklike mens. Hiermee kan die navorser alleen rekening hou wanneer hy as mens die ander as medemens verstaan. En omdat hierdie medemens leef en handel onder die geldigheid van waardes en norme, kom die waarheidsbegrip in die geesteswetenskappe baie sterk te staan in die teken van die sinvolle, wat nie dieselfde as die rasonele is nie.<sup>12)</sup>

### C. Die Sin van die Geskiedenis.

Die probleem waarvoor ons hier te staan kom, is die volgende: Het die geskiedenis van die mensheid sin of betekenis? Voorop staan dan dat die ganse verlede van die hele mensdom in oënskou geneem word en dat

<sup>12)</sup> Cf. hier onder andere JACOBUS STEFANUS OOSTHUIZEN, *Die Wetenskapsbeskouing in die Geesteswetenskappe*, M.A.Diss., Pretoria, 1962; Dr. P. S. DREYER, „Die Problematiek van die Geesteswetenskappe,” *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg. 8, Nr. 4, 1951; ERICH ROTHACKER, *Logik und Systematik der Geisteswissenschaften*, Handbuch der Philosophie, Abt. II, *Natur/Geist/Gott*, hrsg. von A. Bauemler u. M. Schröter, München und Berlin, 1927.

hieruit 'n bepaalde sinvolheid aangetoon word. Hiervandaan af het die vraagstelling verder gegaan: Is dit moontlik om sin in die geskiedenis van 'n bepaalde kultuur, volk, institusie of selfs persoon te onderskei? Met „sin” word hier dan bedoel 'n betekenisvolle gerigtheid in die gang van gebeurtenisse wat daarop dui dat die geskiedenis van die verlede 'n patroon toon waaruit ons kan sien dat daar 'n doel is waarheen die mensheid, volk, persoon, ens. bewus of onbewus op weg is en wat aan die gebeurtenisse van die verlede betekenis gee.

Ons moet besef dat hierdie probleem 'n suiwer Christelik-Westerse probleem is en eers in die 19de eeu as reaksie teen Hegel skerp na vore kom.<sup>13)</sup> Vir ander as die Christelik-Westerse volke is die geskiedenis wesenlik sinloos: Op die patroon van die natuur het ons 'n ewige herhaling van geboorte, groei en afsterwe, nie net in die geval van mense nie, maar ook van volke, ryke en beskawings. „Die siel sweef oor die hele kosmos en die omringende leë ruimte en ondersoek die skema van dinge. Dit reik tot in die afgrond van die grenselose tyd en verstaan en bestudeer die betekenis van die periodieke nuwe geboorte van die kosmos. Hierdie studie bring die redelike siel tot die besef van die waarheid dat daar niks nuuts te sien sal wees deur hulle wat na ons kom nie en dat op dieselfde wyse die wat voor ons gegaan het, niks geken het wat buite ons kennis lê nie. In hierdie sin is dit waar om te sê dat enige man van veertig wat 'n middelmatige intelligensie het, met die oog op die reëlmatigheid van die natuur die ganse verlede en hede gesien het.<sup>14)</sup>

Die Joods-Christelike godsdiens bring hieraan 'n fundamentele verandering. Die Christelike interpretasie van die geskiedenis, wat grondliggend vir die hele Westerse denke oor die geskiedenis geword het, begin by die kerkvader Augustinus.<sup>15)</sup> Die kern van die Christelike geskiedsvisie kan ons só stel:

(i) Die geskiedenis verloop nie siklies as 'n ewige herhaling van wat wesenlik dieselfde bly nie, maar wel in 'n lyn met 'n beginpunt en 'n eindpunt. Die beginpunt lê in die begin van alle dinge met die skepping van die heelal deur God, waar die belangrikste gebeurtenis die skepping en sondeval van die mens is. Die eindpunt lê in die laaste der dae, wanneer hemel en aarde sal verbygaan en Christus weer sal kom om Sy eiendom in besit te neem. Hierdie lyn word middeldeer gesny deur die historiese gebeurtenis van die geboorte, lewe, dood en opstanding van Christus, waarvandaan die hele geskiedenis sin kry en waarvandaan ons kan vooruitkyk na die salige uiteinde waarheen die geskiedenis op weg is.

(ii) Die ganse mensheid is in hierdie beweging van die geskiedenis betrokke. Die skepping, die Christus-gebeure en die wederkoms het universele betekenis. Al sou bepaalde persone of volke of die kerk beslissend daartoe bydra om die weg vir hierdie wederkoms van Christus voor te berei, terwyl die magte van die duisternis juis die wederkoms probeer beveg en verydel, sal die wederkoms alle mense betrek om die

<sup>13)</sup> Cf. HELLMUT DIWALD, *Das historische Erkennen. Untersuchungen zum Geschichtsrealismus im 19. Jahrhundert*, E. J. Brill, Leiden, 1955.

<sup>14)</sup> MARCUS AURELIUS ANTONINUS, *Meditationes*, Boek XI, Hoofstuk 1 (vry vertaal).

<sup>15)</sup> Cf. onder andere WALTHER VON LOEWENICH, *Augustin und das christliche Geschichtsdenken*, Chr. Kaiser Verlag, München, 1947.

groot skeiding tussen die skape en die bokke te weeg te bring en die saligheid vir die regverdige werklikheid te maak, terwyl die magte van die duisternis finaal vernietig sal word.

Vanaf Augustinus tot vandag toe is dit vir die Westerling vanselfsprekend om die geskiedenis eendimensioneel in die struktuur van die lyn te sien. Van Augustinus tot by Hegel is dit ook vanselfsprekend om 'n begin en 'n einde aan hierdie lyn te sien, wat dan aan die hele geskiedenis sin en betekenis gee. So 'n interpretasie van die geskiedenis vind ons na Hegel nog steeds, waarvan Karl Marx, die moderne Kommunisme en Arnold J. Toynbee die bekendste voorbeelde is. Nie net die struktuur nie, maar selfs ook die inhoud is in hierdie gevalle grootliks Christelike erfgoed, al word die Christelike oorsprong en betekenis ook al verwerp en afgesweer.

Vanaf die begin van die moderne tyd is daar egter 'n sekularisasieproses aan die gang.<sup>16)</sup> Dit gaan in die rigting van 'n skeptisisme oor die Christelike inhoud van die geskiedenis en die vervanging van die Christelike inhoud met 'n lading wat uit hierdie wêreld geneem is, bv. die vooruitgangsgedagte van die 18de eeu en die dialektiese materialisme van Karl Marx.

Sedert die 19de eeu kry ons egter 'n ander verskynsel, nl. dat die gedagte van die sinvolheid van die geskiedenis in naam van wetenskaplike geskiedskrywing aangeval word. Die hoofargument gaan hier ongeveer soos volg:

(i) Geskiedskrywing moet hom beperk tot wat ons van die verlede kan ken. Al wat meer is as dit, is hoogs waarskynlik niks meer as verdigself van 'n vrugbare brein nie.

(ii) Van 'n begin en 'n uiteinde van die geskiedenis kan ons niks weet nie, omdat uiteraard van die toekoms geen getuieus bestaan nie en van 'n oerbegin geen getuieus beskikbaar is nie. Die geskiedenis verdwyn in die mistigheid van 'n onbekende verlede. Godsdienstige geloof of filosofiese spekulasies is self historiese feite, maar sê ons niks oor die werklike begin en einde van die geskiedenis nie. Sonder so 'n begin en einde is dit volkome onmoontlik om sinvolheid in die gang van die geskiedenis te ontdek.

(iii) Die enigste historiese kennis wat as geldig aanvaar kan word, is wat uit die beskikbare getuieus van die verlede opgediep kan word. Dit is ongeldig en onwetenskaplik om met 'n vooropgestelde skema — soos bv. Hegel en Toynbee doen — na die geskiedenis toe te gaan en dan bepaalde bruikbare brokkies van die geskiedenis as voorbeelde en bewyse aan te haal. Dit is hierdie metode van werk wat Hegel in baie kringe bekend laat staan het vir alles wat 'n historikus nie moet wees nie en wat die wrewel van soveel historici hede ten dage op die kop van Toynbee laat neerkom.

(iv) Die verlede toon so 'n geweldige massa van uiteenlopende details, rigtinge, gedagtes, handelinge, lewensopvattinge, ens. dat dit hoegenaamd onmoontlik is om enige patroon, wetmatigheid of doelgerigtheid te onderskei.

<sup>16)</sup> Meesterlik beskrywe deur Karl Löwith, *Meaning in History*.

(v) Die mens is vry. Op grond van hierdie vryheid is dit prinsipiële onmoontlik om enige patroon of wetmatigheid in die geskiedenis te ontdek en hieronder kan geen sinvolheid in die geskiedenis ontdek word nie.

Wat hierdie kritiek laat oorbly, is die historiese loop in die vorm van 'n lyn (waarvan die twee punte egter in die lug hang) en die „empiriese” studie van die verlede, d.w.s. die studie van wat gedokumenteerde gegewe is en wat daaruit afgelei kan word.

Nou moet ons erken dat hierdie kritiek in baie opsigte kolskote geskiet het en onweerlegbaar is. Moet ons nou die posisie so aanvaar en elke gesoek na 'n sin in die geskiedenis verwerp as onwetenskaplike subjektiviteit?<sup>17)</sup>

Hier lyk dit my moet die volgende oorwegings geld:

(i) 'n Noodsaaklike en onvermydelike element van subjektiviteit het ons hierbo aangetoon en word vandag vry algemeen erken. Desnieteenstaande moet die eis erken word dat die studie van die gegewens van die verlede voorop gestel moet word en dat die grootste moontlike mate van objektiviteit nagestrewes moet word. Immers, niemand kan begin met 'n interpretasie van die geskiedenis voordat hy die feite ken nie.

(ii) Wanneer die historikus hom beperk tot 'n klein snit uit die mensheidsgeskiedenis, is 'n geheelinterpretasie van daardie snit moontlik. Dit is moontlik omdat die geskiedenis van 'n bepaalde persoon of volk of tydperk baie dikwels beheers word deur baie definitiewe probleme en waardes en doelstellinge. So sal 'n mens bv. die geskiedenis van die Groot Trek kan interpreteer vanuit die gesigspunt van die strewe na vryheid of vanuit die gesigspunt van die botsing van drie groot magte, nl. Boer, Brit en Bantoe. Die uiterste empiris sal selfs in sulke gevalle sê dat die interpretasie geen reg laat geskied aan die rykdom van details wat uit hierdie periode bekend is nie.

(iii) By elke geheelinterpretasie, veral by die interpretasie van die geheel van die geskiedenis en van die hele mensheid, moet ons rekening hou met iets wat heeltemal buite die geskiedenis lê. Ons moet vir onself die vraag stel? Waarom is die mens hoegenaamd geïnteresseer in die verlede<sup>18)</sup>? Daar is natuurlik die antwoord dat die mens van nature nuuskierig is en doodevondig wil weet ter wille van die weet. Daar is egter nog 'n rede, net so fundamenteel en wesenlik: Elke mens is eksistensieel by die geskiedenis betrokke. Om te kan bestaan, moet elke mens vir

<sup>17)</sup> Behalwe die literatuur wat ek reeds genoem het, veral in 10), noem ek nog die volgende uit 'n besonder omvangryke literatuur op hierdie gebied: RAYMOND ARON, *Introduction to the Philosophy of History. An Essay on the Limits of historical Objectivity*, Weidenfeldt and Nicolson, London, s.j. (Eerste Franse uitgawe 1938, hersien 1948, Eng. Copyright 1961); F. A. VAN JAARSVELD, *Die Afrikaner en sy Geskiedenis*, Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad ens., 1959; Dr. F. A. VAN JAARSVELD, *Van Apologetiek en Objektiviteit in ons Geskiedskrywing. Twee metodologiese Opstelle*, Uitgegee deur die Skrywer, s.j.; PIETER GEYL, *Use and Abuse of History*, Yale University Press, New Haven, 2nd. ed. 1957; C. H. DODD, *History and the Gospel*, Nisbet & Co., London, 4th. ed. 1952; PROF. DR. J. N. BAKHUIZEN VAN DEN BRINK ETC., *Geskiedenis. Een bundel Studies over den Zin der Geschiedenis*, Van Gorkum, Assen, 1944.

<sup>18)</sup> Cf. REINHARD WITTRAM, *Das Interesse an der Geschichte*, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen, s. j. (Copyright 1958).

homself die vrae beantwoord: Wie is ek? Wat is ek? Waar is ek? Wat is die sin van my bestaan? In die beantwoording van hierdie vrae is die mens akuit daarvan bewus dat hy 'n tydelike, verganklike wese is. Dit beteken dat daar voor die hede 'n verlede en na die hede 'n toekoms is; dat voor ek as individu bestaan het, daar iets anders was en dat nadat ek nie meer daar is nie, daar iets anders sal wees. Om sin aan my eie lewe te gee, moet ek weet wat betekenisvol in my verlede is en wat waarde het, sodat ek in die toekoms daarna kan strewe; verder moet ek weet dat daar hoop is in hierdie strewe van my. „Was der Sauerstoff für die Lunge, das bedeutet die Hoffnung für die menschliche Existenz. Nimm den Sauerstoff weg, so tritt der Tod durch Ersticken ein, nimm die Hoffnung weg, so kommt die Atemnot über den Menschen, die Verzweiflung heiszt, die Lähmung der seelisch-geistigen Spannkraft durch ein Gefühl der Nichtigkeit, der Sinnlosigkeit des Lebens. 19) Geen individu bestaan egter geïsoleerd nie. Daarom moet ek dieselfde vrae wat ek oor my eie existensie stel, ook stel oor die volk en kerk, die kultuurkring en die mensheid waartoe ek behoort. Eers in hierdie wye verband kan my eie lewe vir myself sinvol en leefbaar word. Hierdie vrae stel ek aan die geskiedenis.

Die fout wat Hegel en die andere gemaak het, is dat hulle gemeen het dat hulle hierdie vrae uit die gegewens van die geskiedenis kan antwoord; anders gestel: dat die gegewens van die geskiedenis self hierdie vrae antwoord. So is dit nie. Dit is nie die geskiedenis wat hierdie vrae antwoord nie, maar die geskiedkundige. En wanneer hy hierdie vrae antwoord, is hy nie meer suiwer geskiedkundige nie, maar filosoof in die oorspronklike Griekse betekenis van die woord, d.w.s. liefhebber van die wysheid. Hierdie wysheid wat hy liefhet, kry hy as mens in sy lewenservaring, in sy verhouding tot sy medemens, in sy verhouding tot God en in sy kennis van die doen en late en lotgevalle van mense in die verlede, waar hy ook die sturende hand van God sien. As mens moet die historikus vir homself hierdie vrae antwoord en hierdie wysheid soek. Die wyse waarop hy die vrae antwoord en die wysheid wat hy vind, sal sy hele arbeid as historikus beïnvloed. Dit is die metafisika van die geskiedenis en die invloed van die metafisika op die geskiedskrywing. Maar soos alle metafisika sal ook hierdie metafisika gedurig getemper moet word deur die vuur van die kenkritiek, hoewel ons weet dat niemand by die kenkritiek kan bly staan nie, omdat elke mens die metafisiese vraag moet beantwoord.